



Wat het op die kruis gebeur?

5 Verduidelikings hoekom Jesus moes sterf.

5 Maniere hoe daar oor Golgota nagedink is:

- 1. Die Klassieke beskouing**
- 2. Die Objektiewe beskouing**
- 3. Die Subjektiewe beskouing**
- 4. Die Regerende-dilemma**
- 5. Die Solidariteitsteorie**



OBJEKTIEWE BESKOUING

Kerngedagte:

- **Sonde bring objektiewe skuld voor God mee. Dit is 'n objektiewe waarheid wat nie afhanklik is van of jou gevoel en of jou gewete jou pla of nie.**
- **Jesus sterf nie net om liefde te wys nie, maar om regtig iets te *doen* – om 'n objektiewe verandering in ons verhouding met God te bring deur die dra van ons straf**


Gedagtevloei:

- **God is heilig.**
- **Sonde tas God se heiligheid aan en moet gestraf word.**
- **Die mens kan onmoontlik sêlf 'n groot genoeg boete bring.**
- **Betaling moet vanuit die kant van mensdom gebring word.**
- **Enigste oplossing is as 'n "God-mens", boete nms ons doen.**
- **Omdat Jesus God is, is die boete wat Hy betaal groot genoeg.**
- **Omdat Jesus mens is kan God die boete aanvaar.**
- **Christus sterf in die plek van die sondaar.**

OBJEKTIEWE BESKOUING

Skrif:

Romeine 3:25–26 – “²⁶Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe”



OBJEKTIEWE BESKOUING

Tekortkoming:

- **Die verhouding met God word gereduseer tot 'n "hofsaak", eerder as 'n lewende verhouding.**
- **Te simplistiese oorsaak-gevolg leerstelling. Ons verhouding met God word uitgedruk in terme van 'n kliniese oortreding van God se wet.**
- **Kritiek as “hemelse kindermishandeling”: Kritici beweer dit skets God as wreed of selfsugtig – Hy straf 'n onskuldige in die plek van die skuldige.**

OBJEKTIEWE BESKOUING

Winspunte:

- **Beklemtoon God se geregtigheid:** God se heiligheid word nie geminag nie; sonde is ernstig, en vergifnis is nie goedkoop nie.
- **Persoonlike waarde vir gelowiges:** Die idee dat Jesus *my* sonde op Hom geneem het, is diep vertroostend en inspireer dankbaarheid en heiligmaking.

5 Maniere hoe daar oor Golgota nagedink is:

- 1. Die Klassieke beskouing**
- 2. Die Objektiewe beskouing**
- 3. Die Subjektiewe beskouing**
- 4. Die Regerende-dilemma**
- 5. Die Solidariteitsteorie**



SUBJEKTIEWE BESKOUING

Kerngedagte:

- Fokus nie op die objektiewe effek wat Jesus se dood "*buite*" die gelowige tot gevolg het nie, maar eerder op die (subjektiewe) effek wat die kruis in die hart van die mens bewerkstellig.
- Dit gaan dus oor 'n verandering in ons, eerder as 'n verandering in God se houding teenoor ons

SUBJEKTIEWE BESKOUING

Gedagtevloei:

- **Die kruis van Jesus is die grootste bewys van God se liefde vir die mensdom.**
- **Hierdie daad van selfopofferende liefde roer die mens se hart. Dit wek berou oor sonde en lei tot bekering.**
- **Dit inspireer 'n morele en geestelike verandering.**
- **Die verhouding met God word herstel omdat daar anders geleef word.**

SUBJEKTIEWE BESKOUING

Skrif:

- **Romeine 5:8 – “God bewys sy liefde vir ons hierin: dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”**
- **2 Korintiërs 5:14–15 – “Die liefde van Christus dring ons...”**

SUBJEKTIEWE BESKOUING

Tekortkoming:

- Kan moralisme bevorder
- Ignoreer baie Skrifgedeeltes



SUBJEKTIEWE BESKOUING

Winspunte:

- 1. Fokus op innerlike verandering: Moedig ware berou, transformasie en dissipelskap aan.**



5 Maniere hoe daar oor Golgota nagedink is:

- 1. Die Klassieke beskouing**
- 2. Die Objektiewe beskouing**
- 3. Die Subjektiewe beskouing**
- 4. Die Regerende-dilemma**
- 5. Die Solidariteitsteorie**



REGERENDE-DILEMMA

Kerngedagte:

- Fokus op die karakter van God, en spesifiek op die spanning tussen God se regverdigheid en Sy liefde
- Hierdie morele waardes van God, skep 'n innerlike dilemma vir Hom in Sy regering oor die skepping.



Gedagtevloei:

- God regeer die wêreld met liefde in die een hand en regverdigheid in die ander.
- Sonde plaas God in 'n regerende-dilemma.
- Sy liefde dring Hom om ons te vergewe. Sy regverdigheid dwing Hom om sonde te straf.
- As Hy sondermeer vergewe kom die mens tot die slotsom kom dat sonde nie ernstig is nie.
- As Hy kies om regverdigheid te laat seevier en sonde te straf, ly sy liefdevolle aard daaronder.

REGERENDE-DILEMMA

Skrif:

- **Psalm 85:11** - “Liefde en trou het mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels.”
- **Exodus 34:6–7** - God openbaar Homself as “barmhartig en genadig... maar Hy sal die skuldige nie ongestraf laat bly nie.”

REGERENDE-DILEMMA


Tekortkoming:

- **Komplekse taal:** Begrippe soos “geregtigheid bevredig”, “goddelike regering” en “publieke regverdiging” kan vir gewone gelowiges vaag wees.
- **Te abstrak vir sommige:** Die idee van ‘n “regerende dilemma” kan filosofies of logies oorweldigend voel vir sommige gelowiges.

REGERENDE-DILEMMA

Winspunte:

- **Verbind God se karakter met Sy daade: Dit wys dat die kruis nie bloot 'n transaksie is nie, maar 'n “openbaring” van wie God is – Hy is Heilig, regverdig én liefdevol!**



5 Maniere hoe daar oor Golgota nagedink is:

- 1. Die Klassieke beskouing**
- 2. Die Objektiewe beskouing**
- 3. Die Subjektiewe beskouing**
- 4. Die Regerende-dilemma**
- 5. Die Solidariteitsteorie**



TEORIE VAN SOLIDARITEIT

Kerngedagte:

- **Jesus sterf sáám met die mensdom.**
- **Vanweë sy liefdevolle identifisering met ons lot, sterf Jesus namens ons.**
- **Én staan Hy namens ons op uit die dood!**




Gedagtevloei:

- **Die mens is vas in sonde, vervreemding en sterflikheid.**
- **God wil die mens nie verlaat nie.**
- **Vanweë sy liefde, identifiseer Jesus volkome met ons.**
- **Daarom tree Hy ín ons menslike bestaan ín.**
- **Jesus leef 'n volmaakte lewe, sterf in solidariteit met ons, en oorwin die dood namens ons.**
- **Deur sy lyding, dood en opstanding, bring hy herstel vir die mens – van binne af.**

TEORIE VAN SOLIDARITEIT

Skrif:

- Heb 2:17 - “¹⁷Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word”
- Romeine 6:5 – "As ons een geword het met Hom in Sy dood, sal ons dit ook wees in Sy opstanding."



TEORIE VAN SOLIDARITEIT

Tekortkoming:

- Die teorie verduidelik nie ten volle wat van sonde geword het nie. Is dit vergewe? Is dit vernietig? Is dit deur God oorgesien?



TEORIE VAN SOLIDARITEIT

Winspunte:

- Die verduideliking bied groot troos in lyding: God is iemand wat vanweë sy liefde, kies om in die pyn saam met ons te wees. God is nie afwesig nie. Hy is hier, *met jou*.
- Die verduideliking verbind ook die kruis met die opstanding. Christus se identifisering met ons in die dood maak gemeenskap met Hom in die lewe moontlik

5 Maniere hoe daar oor Golgota nagedink is:

1. Die Klassieke beskouing

2. Die Objektiewe beskouing

3. Die Subjektiewe beskouing

4. Die Regerende-dilemma

5. Die Solidariteitsteorie



KLASSIEKE BESKOUING

Kerngedagte:

- **Die wêreld is gevange in die mag van sonde, dood en die Satan.**
- **Christus kom om dié vyande te oorwin – nie deur brute mag nie, maar deur selfopoffering, lyding en opstanding.**



KLASSIEKE BESKOUING

Gedagtevloei:

- Luk 4:6-7 “⁶Toe sê die duiwel vir Hom: “Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is *aan my oorgegee*, en ek gee dit aan wie ek wil. ⁷Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid.”
- Gen 1:28 “²⁸Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: ‘...*Heers* oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere...”

Gedagtevloei:

- 1. Die ganse skepping is in gevangenskap en in die mag van die Bose.**
- 2. God self tree in die slagveld in, deur Jesus.**
- 3. Jesus sterf – maar sy dood is 'n lokval: Hy sterf asof Hy verslaan is, maar oorwin daarmee die mag van die dood.**
- 4. Die opstanding openbaar dat Hy die finale oorwinnaar is oor elke vyand.**

God se lokval

- Jesus leef die volmaakte lewe,
- Satan probeer telkens keer dat Jesus se lewe slaag.
- NB: God verskyn “*gemaskerd*”
- Toe hy uiteindelik Jesus doodmaak, dink hy hy wen.
- Hy sluit Jesus in doderyk toe.
- Maar nou is Jesus soos ‘n “Trojaanse perd”!
- Toe Satan sy oë uitvee...



KLASSIEKE BESKOUING


Skrif:

- **Kolossense 2:15** – "Hy het die owerhede en magte ontwapen en hulle openlik ten toon gestel, en oor hulle getriomfeer aan die kruis."
- **Hebreërs 2:14–15** – "...sodat Hy deur sy dood die een wat mag het oor die dood, naamlik die duiwel, kon vernietig."

KLASSIEKE BESKOUING

Tekortkoming:

- Sommige meen dit steun te veel op ou wêreldbeelde van bose magte en geeste wat vir sekere moderne mense vreemde gedagtes is.



KLASSIEKE BESKOUING

Winspunte:

- **Kosmiese raamwerk:** Gee 'n groot prentjie van die reddingsverhaal – Golgota was nie net my persoonlike redding nie, maar die heelal se herstel.
- **Beklemtoon oorwinning en opstanding:** Slaan direkte verband tussen Jesus se dood en sy opstanding - beide lei tot oorwinning.

MODEL	IMPLIKASIE
KLASSIEKE BESKOUING	Jesus red ons van die <i>Bose</i> .
OBJEKTIEWE BESKOUING	Jesus red ons van die <i>straf</i> wat ons toekom.
SUBJEKTIEWE BESKOUING	Jesus red ons van ons <i>eie sondige aard</i> .
REGERENDE-DILEMMA	Jesus red ons van die <i>Wet</i> .
SOLIDARITEITS-BESKOUING	Jesus red ons van ons <i>gebroke bestaan</i> .